Walmart: Waar is die stemme?

Afrika hoef nie meer 'n slagoffer te wees nie. Maar belangrike partye is stil oor hoe Walmart se toetrede tot SA die vasteland tot voordeel kan strek. JACO LEUVENNINK bekyk die saak.

ENG
www.usb.ac.za/agenda

> Waar [is] die stemme van sakekant of akademici, asook politieke leiding om die kompleksiteite hieromtrent te debatteer sodat wanpersepsies en gevare gehanteer kan word?
>
> – Prof Wolfgang Thomas

DIE WÊRELD SE siening oor Afrika, nou naas China en Indië die streek met die vinnigste ekonomiese groei ter wêreld, het verander. En Suid-Afrika word gesien as die toegangspoort na Afrika."

Dit was die reaksie van Clem Sunter, bekende scenario-beplanner, skrywer en spreker, op die multinasionale kruidenierswinkelreus Walmart se aanbod van R17 miljard vir 'n belang van 51% in Massmart. "Ons is in 'n tweebaan-wêreld met opkomende eerder as ontwikkelde ekonomieë in die vinnige snelbaan," sê Sunter.

Gaan Afrika met die nuwe inval van multinasionale reuse – hierdie slag om die vasteland se ondervoorsiende groeiende mark van sowat 1 miljard mense in te palm – weer uitgebuit word soos met die koloniale stormloop na grondstowwe en politieke mag 'n eeu of wat gelede? Benewens Walmart, het HSBC verlede jaar 'n mislukte aanbod vir Nedbank gedoen en het Japan se Nippon Telegraph and Telephone Afrika se grootste tegnologiemaatskappy, Dimension Data, oorgeneem. Van Julie verlede jaar tot Januarie vanjaar is transaksies van $15 miljard regoor Afrika volgens *Bloomberg Business Week* aangekondig.

Walmart, met sy hoofkantoor in Arkansas, VSA, is volgens Forbes Global 2000 op grond van verkope van sowat $420 miljard (meer as SA se BBP van sowat $350 miljard) die wêreld se grootste genoteerde groep vir 2010. Die groep het toe byna 9 000 winkels onder 55 verskillende name in 15 lande en sowat 2,1 miljoen werknemers gehad.

Andy Bond, uitvoerende adjunkpresident van Walmart, het met die eerste aankondiging van die aanbod in September verlede jaar reeds aan *Sake24* gesê SA is 'n uitstekende groeigeleentheid vir Walmart as 'n uitbreidingsplatform na die res van Afrika. Massmart, moedermaatskappy van winkelgroepe soos Game, Dionwire, Makro, Builderswarehouse, Jumbo Cash & Carry, CBW en Shield, het reeds 290 winkels in 13 Afrikalande behalwe SA. Die Walmart-Massmart-transaksie moes met die ter perse gaan van hierdie artikel nog net deur die mededingingsowerhede bekragtig word.

Op die oog af hou Walmart se toetrede groot voordele vir SA in. Maar daar is uiteenlopende menings.

Lewer kommentaar
by **www.usb.ac.za/agenda**; of stuur e-pos aan **agenda@usb.ac.za**; of sms aan ons by **39841** (standaardtariewe geld.)

PICTURE ISTOCK

WALMART-TOETREDE TOT SA

VIR	TEEN
Die **ANC-woordvoerder Keith Khoza** verwelkom "enige inisiatief wat regstreekse buitelandse investering in SA beteken".	Vakbonde is bekommerd oor die uitwerking op indiensneming, werkersregte, lone, verskaffers en kleiner ondernemings. Cosatu het in Januarie vanjaar reeds gedreig met 'n boikot van Massmart-produkte indien die transaksie voortgaan – **Patrick Craven, woordvoerder van Cosatu**.
Thami Bolani, voorsitter van die **Nasionale Verbruikersforum**, steun groter en goedkoper keuses vir die verbruiker. .	
Volgens **prof Wolfgang Thomas, dosent in Ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool**, is daar 'n paar kernvrae waarna gekyk moet word om 'n objektiewe beoordeling van sulke transaksies te vergemaklik. Daaronder tel die vloei van buitelandse kapitaal, Walmart se arbeidsverhoudinge, die dinamika van die kleinhandelbedryf, moontlike "oorrompeling" van die landelike kleinsakesektor, vernuwing en tegnologiese sofistikasie, houding oor swart bemagtiging, en dan SA as platform vir 'n Afrika-intog.	Die probleem is dat Walmart in Noord-Amerika 'n reputasie opgebou het as synde onsimpatiek teenoor werknemers en die omgewing. Die afdwing van goedkoop massa-aankope van verskaffers, lae lone en 'n hoë omset gee Walmart volgens kritici 'n moreel onregverdigbare mededingende prysvoordeel – **Saccawu (SA Commercial, Catering and Allied Workers Union)**.
Die wenslikheid van meer regstreekse buitelandse investering soos dié vir SA, wat volgens 'n 2011-uitgawe van die VN-verslag **Global Investment Trends** Monitor verlede jaar met byna 78% van $5.7 miljard in 2009 tot net $1.3 miljard geval het, is ooglopend. Maar werklike braaklandontwikkeling eerder as die verwisseling van aandeelhouers bly natuurlik altyd die eerste prys.	
"Die toetrede van 'n groep van die grootte van Walmart sal beslis die dinamika in die plaaslike kleinhandelbedryf raak en magsverskuiwings meebring. Maar dit is 'n langtermynproses wat voordele vir baie, veral in 'n breër Afrika-verband, kan inhou," sê **die USB se prof Wolfgang Thomas**.	**Die USB se prof Wolfgang Thomas** wys ook daarop dat die groot aanvanklike kapitaalinvloei die rand kan laat versterk; wat in hierdie stadium dalk nie so wenslik is nie. Maar daarna is daar weer die moontlikheid dat baie Massmart-dividende landuit na oorsese aandeelhouers kan vloei.
Walmart se arbeidsverhouding-reputasie word waarskynlik oordryf omdat die groep **SA se arbeidswette** en die voorwaardes wat die mededingingsowerhede aan die transaksie stel, sal móét nakom.	**Whitey Basson, uitvoerende hoof van Shoprite**, is bekommerd dat voedsel-sekuriteit en vervaardigingsvermoë in SA daaronder sal ly as Walmart goedkoop kos invoer en ander kleinhandelaars dwing om dieselfde te doen. Ander kleinhandelaars sal mededingend moet bly. .
Andy Bond, uitvoerende adjunkpresident van Walmart, het beklemtoon dat Massmart se sake nie wesenlik sal verander nie. Walmart hou van die plaas-like bestuurspan en "belê vir groei wat eerder nuwe werk- en loopbaangeleenthede skep as om mense af te dank".	**Cosatu** se anti-beleggingsein kan regeringspogings ondermyn om buitelandse beleggers te lok.
Brian Leroni, Massmart-woordvoerder, het gesê hulle respekteer die vakbonde se reg en plig om toe te sien dat investering in SA verantwoordelik geskied. Herhaalde versekerings is egter oor bestaande arbeidsooreenkomste en voorkeur aan plaaslike verskaffers gegee.	
Bryan Roberts, direkteur van Kantar Retail, het gesê dat groter verskaffers opgewonde is oor nuwe geleenthede wat Walmart se toetrede kan bring.	**Nazeem Martin, uitvoerende hoof van Business Partners**, het in *Business Day* genoem dat klein en mediumgrootte ondernemings vir 35% van die BBP, maar 65% van nuwe werksgeleenthede in SA, verantwoordelik is.
	Kleiner verskaffers is onseker of hulle aan die verwagtings van 'n Walmart sal kan voldoen. Hulle vrees dat hulle uit die mark gedruk gaan word, sê **Tebogo Khaas, president van die Klein, Medium en Mikro-ondernemingsforum**.
Talle **Amerikaanse studies** kom tot teenstrydige gevolgtrekkings oor hoe 'n Walmart-winkel 'n gemeenskap raak. Aan die een kant is bevind dat dit werk skep, verbruikersgoedere goedkoper maak en gemeenskapsprogramme ondersteun.	Gemeenskappe kan weens die sluiting van kleiner winkels en loonverskuiwings verarm – **Laurie Grant** in *USA Today* (2005).

GEEN KOMMENTAAR

Winkelkettingsgroepe soos Pick n Pay wou uit beginsel nie kommentaar lewer op mededingers se doen en late nie, terwyl **Massmart** nie die mededingingsowerhede se ondersoek wou vooruitloop nie.
Ebrahim Patel, minister van ekonomiese ontwikkeling, het 'n paneel aangestel om die saak te ondersoek en hom te adviseer. Hy wil hê die maatskappybase en vakbonde moet sake eers uitstryk en sê die transaksie moet plaaslike aankope en werkskepping aanmoedig.

Dit is duidelik dat Massmart-winkels vinnig kan toeneem. In Mexiko alleen open Walmart jaarliks sowat 200 nuwe winkels. Volgens Deloitte Touche Thomatsu is oornames en samesmeltings weer wêreldwyd aan die toeneem en 'n VN-verslag in Januarie noem dat multinasionale groepe in ontwikkelde lande $4 000 tot $5 000 miljard aan bufferkontant teen 'n moontlike dubbelloop-resessie opgebou het. Dit kan nou gebruik word vir sakegeleenthede in opkomende markte, veral Afrika (via SA).

Die transaksie hou beslis netto voordele vir SA in. Maar vrese en gevare moet gehanteer word. USB se prof Wolfgang Thomas sê kleinhandelaars wat bedreig voel, moet breër na Afrika kyk vir uitbreiding. Daar hoef nie verloorders te wees nie. Maar SA maatskappye word dikwels negatief in die res van Afrika gesien waar plaaslike kleinsake geraak word en gevoelens van neo-kolonialisme ontstaan.

Daar moet gewaak word teen 'n toename in goedkoop invoer na SA. Plaaslike lone is hoog, sê Thomas, en die verskuiwing van produksie na ander Suider-Afrikaanse lande is moontlik, hoewel dit waarskynlik nie vir die vakbonde aanvaarbaar sal wees nie. Hy reken die regering besef die probleem. Dr Rob Davies, minister van handel en nywerheid, het by die World Economic Forum se laaste Davos-byeenkoms beklemtoon dat die regering ekonomiese integrasie met Afrika (eers Suider-Afrika) wil aanmoedig omdat "Afrika die volgende ekonomiese verhaal gaan wees".

Thomas sê: "Die debat rondom die toetrede van groot multinasionale groepe is 'n fassinerende voorbeeld van hoe sake in SA dikwels veremosionaliseer en gedramatiseer word rondom kwessies soos werkersregte, swart bemagtiging, kleinsakebevordering, werkskepping en afdankings. Hierdie vraagstukke is in elk geval aanwesig, of jy toetrede van buite kry of nie."

Hy vra dan waar die stemme van sakekant of akademici is, asook politieke leiding om die kompleksiteite hieromtrent te debatteer sodat wanpersepsies en gevare gehanteer kan word. Dit behoort meer bespreek te word, onder meer by sakeskole. Die uitdaging is om groeigeleenthede in Afrika só te benut dat die hele vasteland daarby baat vind.

Daar is baie geleenthede en Afrikane moet die proses bestuur. Afrika hoef nie soos met die eerste stormloop die slagoffer te wees van magsbehepte koloniale magte nie. a